**Skriflesing: Matt 6 vers 11 en Matt 6 vers 25-34**
**Tema: Behoeftes en begeertes**

In 1988 het Nobby McFerrin 'n treffer met die lied: "Don't, worry, by happy." Party mense leef met die lewensmotto: "If you worry you die, if you don't worry you also die, so why worry?" Is dit wat ons met ons bekommernisse moet maak? Ons moet nou maar net glimlag en gelukkig wees al is ons glimlagte aangeplak en ons lewens oneg? Dit is nie wat die Here ons leer nie. Hoe hanteer ons dan ons bekommernisse?

In die Skrifgedeeltes leer die Here ons van drie dinge wat ons help om bekommernisse te hanteer.

**1. Gee jou bekommernis vir die Here.**

Hy leer vir ons om te bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood;" of soos dit in die Boodskap staan: "Gee ons vandag genoeg om van te leef." Ons moet in gebed ons bekommernis weggooi soos vuilgoed wat ons in 'n vuilgoedsak gooi. En ons mag dit nie weer uitkrap nie. Ons moet God toelaat om dit te verwyder.

**2. Sien sy sorg.**

**3. Fokus op dit wat vir Hom belangrik is.**

Kom ons gaan kyk hierna. Ons begin deur stil te staan by die woorde van die gebed wat Hy vir ons leer: "Gee ons vandag ons daaglikse brood;"

**brood**

Daar was nog altyd mense wat die begrip "brood" wou vergeestelik. Maar ons vra die Here hier om te voorsien in ons basiese daaglikse behoeftes.
Ons basiese behoeftes is vir Hom belangrik. Kyk watter plek neem dit in in die gebed wat Jesus vir ons leer. Die gebed gaan nou oor van U of koninkryk bedes na ons of kerk bedes. Die Here weet dat ons so bekommerd kan raak oor ons daaglikse tydelike behoeftes dat Hy daaraan aandag gee voordat ons by ons geestelike behoeftes kom.
In hierdie gebed vra ons die Here om ons te help om die gebed van Spreuke 30:7-9 te bid: "[7]Net twee dinge vra ek van U; moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf: [8]moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie; moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, [9]sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: "Wie is die Here?" nie,
en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie."

**Gee**

Wanneer ek vir die Here vra om brood te gee, bely ek my geloofsafhanklikheid van Hom en erken ek sy heerskappy in die wêreld. Ek het Godgegewe gawe/s en verantwoordelikheid om te sorg vir 'n inkomste, maar Hy is die bron van alles.
Die heel laaste woorde wat Luther voor sy sterwe neergeskryf het is: "Ons is bedelaars. Dit is die waarheid." Ons is bedelaars wat alles van God verwag. Die woorde van die bekende lied is so waar: "Wat ek is, is net genade; wat ek het, is net geleen." My lewe is in die hande van die Here.

**ons** (2 maal bid ons vir ons)

Ons is altyd deel van 'n groter storie. Ons is op aarde om die Here en mekaar te dien met die gawes wat Hy vir ons gegee het.
Die kerkvader Augustinus het gesê: "Ontvang dit wat God jou gee met vreugde. Gebruik daarvan wat jy nodig het. Die res word deur jou naaste benodig."

Die Grieke het aan hulle besittings gedink in terme van 'n sirkel. Alles binne die sirkel kan jy vir jouself gebruik, want dit is genoeg vir jou om van te lewe. Dit wat buite die sirkel is, is egter 'n teken van oorvloed, wat jy nie self nodig het nie, maar wat bedoel is vir ander mense.
En dit is presies hier waar gierigheid sy tande kan inslaan. Jy kan die sirkel waaruit jy moet leef al hoe groter trek sodat daar al hoe minder vir ander oorbly.

Martin Luther het gesê dat 'n mens kan op twee maniere kan steel. Jy kan of iets van ander neem of jy kan iets van ander te weerhou waaraan hul die behoefte het terwyl jyself genoegsaam het.

Die Here seën ons om vir ander tot seën te wees. Dit word so mooi in die volgende verhaal geïllustreer:
Een koue wintersdag staan 'n arm dogtertjie op die straathoek en bedel vir kos of geld of wat sy ook al kan kry. Sy bibber van die koue. Die gegoede man wat daar verbyloop, verroer nie 'n vinger om haar te help nie. Hy haas hom na sy warm, gemaklike huis.
Toe hy egter saam met sy familie om die tafel sit en die heerlike ete geniet, onthou hy van die bibberende bedelaartjie op die straathoek. Dadelik word hy kwaad vir God. Hoe durf God sulke toestande op aarde toelaat waardeur kinders honger ly?
Die aand bid die ryk man: "Here, die gedagte aan daardie dogtertjie pla my so. As u 'n God van liefde is, waarom doen U nie iets om haar te help nie?"
Toe is dit asof hy God se stem duidelik hoor: "Maar Ek het iets gedoen! Ek het jou gemaak."

**Vandag/daaglikse (nodige)**
Ons pleit by die Here om ons vry te maak van die dinge waaraan so verknog raak, ons lewens in besit neem en ons slawe van ons tydsgees maak. Bekommer kan ook vertaal word met dinge wat ons aandag en fokus verdeel. Ons lewens is oorvol van sulke dinge. Die Here moet vir ons help om te leef met groter eenvoud. Ons vertrou die Here om ons genoeg te gee vir vandag. Hy moet by ons 'n Eksodus 16 lewensstyl kweek. In Eksodus gee die Here vir sy volk manna om te eet in die woestyn. Hulle mag elke keer net genoeg bymekaarmaak vir een dag. So moet hulle leer om onvoorwaardelik op die Here te vertrou.
Soos hulle, sukkel ons nogal daarmee. En hier herken ons onsself in Matt 6:25-34. Ons is bekommerd oor wat ons eet, drink of aantrek. Baie ons wil meer, beter en groter hê.

**2. In ons kommer oor wat ons moet eet, drink of aantrek moet ons die Here se sorg leer raaksien.**
**Hy sorg vir kos.**
Ons moet kyk na die wilde voëls. Hulle het nie groot skure waarin hulle hul kos bêre nie. Ons hemelse Vader sorg vir hulle. In die Message-vertaling staan so aangrypend dat hulle "careless in the care of God" is.
**Hy sorg vir lewe.**
Deur ons te bekommer, kan ons nie ons lewens met een enkele uur verleng nie. Ons moet vandag leef en vir ons daaglikse brood bid. Ons het net vandag. Dit maak nie sin om oor môre bekommer te wees nie.
**Hy sorg vir klere.**
Die veldlelies swoeg nie en maak nie klere nie. Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy nie vir ons sorg nie, kleingelowiges?

Eet, drink of aantrek is dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Ons Vader weet wat ons nodig het. Bekommernis oor goed wat enige tyd kan verdwyn en nie regtig diep waarde het nie, neem ons aandag en fokus weg van God se hart en die dinge wat vir Hom belangrik is.

**Ons moet fokus op wat vir die Here belangrik is.**
Wat is die een ding wat ons onverdeelde fokus vra? Wat is die motivering vir ons lewensbestaan?
Ons lees dit in Matteus 6:33: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."

**Afsluiting**
"Don't worry, be happy" is leeg, oneg en niksseggend.
Hoe moet ek my bekommernis hanteer?
Gee dit vir die Here. Bid dat Hy "ons vandag ons daaglikse brood sal gee." Bid dat Hy ons oë sal oopmaak om Sy sorg te sien en dat Hy ons sal help om te fokus op die dinge wat vir Hom belangrik is.
**Amen**